Weergawe 2010

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

07.02

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: RING VAN HUMANSDORP

Titel van Projek: VALK-PROJEK, Joubertina

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Ds Barnard Steyn
Posadres:	Posbus 64, Joubertina, 6410
E-pos:	bicsteyn@net4all.co.za
Faks:	042 273 1628
Tel. (k):	042 273 1628
Tel (h):	042 273 1468
Selfoon:	082 842 7028

E.C KRITZINGER.	26/09/2013
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

5.1 Valk se **hoofdoelstelling** is om diens aan alle gemeenskappe in die Langkloof te bied m.b.t. die voorkoming van alkohol en dwelmmisbruik om sodoende die lewensstandaard van die mense te help verbeter en maatskaplike verval te voorkom.

5.2 Valk se **sekondêre doelstellings** wat nagestreef word is die volgende:

5.2.1 Bemagtiging van gemeenskappe in die hantering van alkohol- en dwelmafhanklikes.

5.2.2 Voorligting aangaande die invloed van substansmisbruik en die voorsiening van motiveringsdienste om dit te bekamp.

5.2.3 Aanleer van selfhandhawingsvaardighede en die aanvaarding van verantwoordelikheid van besluitneming indien betrokke raak by die gebruik van alkohol en dwelms.

5.2.4 Ontwikkeling van selfdissipline en selfbeoordelingsvaardighede.

5.2.5 Aanleer vir begrip vir eie en ander se gevoelens.

5.2.6 Verwysing van afhanklikes na rehabilitasiesentra en die vestiging van 'n ondersteuningsnetwerk vir gerehabiliteerdes.

5.2.7 Opbou en ondersteuning van ons jeugdiges in :

- Die kweek van 'n positiewe selfbeeld
- Identifisering van 'n gesonde waardesisteem
- Ontwikkeling van selfdissipline

Die gebiede waarop ons in 2014 gaan fokus is **1) Bewusmakingsveldtogte** by skole, op plase en in die gemeenskap **2) vakansie- en naweekprogramme vir skoolgaande en naskoolse jongmense 3) opleiding aan ouers en leiersfigure op plase en in die gemeenskap 4) voortsetting en uitbreiding van bestaande 2 ondersteuningsgroepe vir persone met 'n afhanklikheidsprobleem 4) Behandelingsprogram van 8 sessies vir persone met 'n afhanklikheidsprobleem.**

1) Bewusmakingsveldtogte word op plase, by skole en gemeenskaporganisasies gedoen. Benewens die DVD's en aanbiedings word geskrewe inligting versprei en kort insette gelewer tydens die bymekaarkom van plaasarbeiders met invaltyd. Jaarlikse interskole-vasvra, plakkaat- en/of opstelkompetisie om bewusmaking van die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik te bevorder, sal voortgaan.

2) Vakansie- en naweekprogramme vir skoolgaande en naskoolse jongmense. Hierdie programme word saam met Dept Maatskaplike Ontwikkeling, die SAPD en ander rolspelers op rotasiebasis in die verskillende gemeenskappe aangebied. Klein tente is aangekoop en meer naweekkampe in die natuur wat teen minimale koste aangebied kan word, word vir 2014 beoog. Ons glo dat meer bereik kan word as jy kinders/jong mense oor 'n naweek kan betrek. Aanbiedings sal nie net fokus op die gebruik en misbruik van afhanklikheidstowwe nie, maar op ontwikkeling en die aanleer van lewens- en handvaardighede gemik wees.

3) Opleiding sal aan ouers, vrywilligers en leiersfigure op plase gegee word om te help met die aanbieding van programme op hul plase en die hantering van gesinskrisisse.

4) Ondersteuningsgroepe wat te Ravinia en Joubertina funksioneer en een maal per week bymekaar kom, sal uitgebrei word na ander areas.

5) Behandelingsprogram geskoei op die program van SANRA aan persone met 'n afhanklikheidsprobleem, sal voortgaan. Dit strek oor 7 uursessies en sal veral handig wees vir die werkgewer om te gebruik waar werknemers die gevaar staan om werk te verloor as gevolg van afhanklikheidsmisbruik.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die bedieningsgebied vir die Valk-Projek is basies die hele Langkloof – die R62 Roete wat by die Heights begin en oor Tweeriviere, Joubertina, Krakeel, Louterwater en Misgund loop. Dit is 'n landelike gebied waar die grootste deel van die bewoners as plaasarbeiders werksaam is. Pragtige vrugtewêreld (appels en pere). Baie van die substansmisbruikers is plaasarbeiders wat in die boorde en/of pakstore werksaam is.

Behalwe dat die individuele persoon en sy/haar gesinslede sal baat en voordeel trek uit Valk se programme, sal dit hopelik uitkring en die gemeenskap as geheel bevoordeel, wat weer 'n positiewe bydra sal lewer tot die land se ekonomie (vrugteproduksie en -uitvoere).

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	**Tydsverloop**
Deurlopende bewusmakingsveldtogte	Weekliks en/of maandeliks en/of op aanvraag by skole en plase. Invaltyd by plase bied 'n kosbare geleentheid om kort insette te lewer oor een of ander faset en word reeds benut. ± 10 plaasbesoeke per maand. Plakkaat-/opstel-/vasvra kompetisie tussen skole.
Vakansieprogramme	Afwisselend oor kort en lang vakansies by verskillende gemeenskappe in samewerking met ander rolspelers. Maart/April – Joubertina Junie/Julie – Krakeelrivier September – Louterwater Desember/Januarie - Misgund
Opleiding	Opleidingsnaweek gekombineer met lof- en aanbiddings-geleentheid een keer per jaar (Julie 2014) vir leiersfigure, ouers en vrywilligers op plase en organisasies soos op aanvraag.
Ondersteuningsgroepe	Word weekliks te Joubertina en Ravinia op 'n Dinsdagaand gehou.
Behandelingsprogram	1 Naweekkamp/program vir persone met 'n afhanklikheidsprobleem. Oktober 2014. Aanbieding van individuele behandelingsessies. 7 sessies van 1 uur elk. Soos verwys deur werkgewer of hof.
Naweekkamp vir skoliere/jongmense	Maart en September 2014

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Ds Barnard Steyn: Voorsitter	NG Kerk Joubertina
Elsje Kritzinger: Koördineerder	NG Kerk Joubertina, Christelik-Maatskaplike Raad
Ds Carel van der Merwe: Pastor	NG Kerk Joubertina
Deon Josias	VGK SAPD
Dennis Woest	Antipas Sending Gemeente, Vrywilliger
André Strydom	NG Kerk Joubertina, Donateur
Siena Michillies	VGK Kerk Ravinia
Amie Strydom	APK Kerk, Kliniek
Mathilda Gelderbloem	AGS Joubertina
Vernon Gelderbloem	AGS Joubertina
Mias Strydom	APK Kareedouw

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Maak gebruik van kantoor in N.G. Kerksaal.	
Skootrekenaar	1
Fotostaat- en faksmasjien (Gebruik N.G. Kerk s'n)	
Projektor (Maak gebruik van CMR s'n)	
DVD's Handleidings en werksdokumente van SANRA, Amos , CAD, CMR en ander	11
Klein tente	3

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Salaris-aanvullings en reiskoste vir die koördineerder en die pastor en fondse vir die uitvoering van die vakansieprogramme (o.a. vir optredes deur sprekers, betaling van kampterrein, opleidingslokale, verversings en vervoer) en die opleiding (opleidingsmateriaal, o.a leêrs, penne en naamplaatjies en vir die maak van fotostate).

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

INKOMSTE	**Bedrag**
Ringsfondse (Doen jaarliks aansoek. R10000.00 is vir 2013/2014 boekjaar toegestaan)	
Jaarlikse bydraes deur donateurs	R 54 600.00
Jaarlikse bydraes deur gemeente	R 24 000.00
Spesiale kollektes (viermaandeliks)	R 4 000.00
TOTAAL:	R 82 600.00

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
Salaris Koördineerder	R 48000.00
• Reiskoste (vir programme en plaasbesoeke en by klinieke, skole en besighede, opleidingsessies, kampe en boodskappe met invaltyd op plase)	R 18000.00
• Verblyfkoste (Naweekopleidingsprogram, Jeugkamp)	R 8000.00
• Rekenaaruitgawes	R 1000.00
• Skryfbehoeftes	R 1000.00
• Drukwerk	R 1500.00
• Telefoon	R 3600.00
• Verversings by opleiding, ens.	R 2000.00
• Jaarlikse skoolprogramme (Skryf, kuns of drama rondom afhanklikheid.)	R 1500.00
Spesiale dae (Nasionale dag vir voorkoming van afhanklikheid, FAS , Vigs)	R 3000.00
ANDER :	
Vakansieprogramme	R 5000.00
TOTAAL:	**R 92600.00**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R 92600.00
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	R 82600.00
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R 10000.00

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
Aan begin of middel van boekjaar	Begin van boekjaar

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Elektroniese inbetaling in die Valk-Projek se rekening

Eerste Nasionale Bank: Joubertina
Tak kode: 210315
Tjek rekening nr: 62162969897

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf